Ysbreker: Wie is fisies die sterkste ou (of vrou) wat jy ken?

Kyk nou eers die video hierbo: https://www.youtube.com/watch?v=DoDBo0up4kE
(of Google: Youtube Jo Black - Een klein klippie (die storie))

Lees: 1 Samuel 17:45-47
(Gaan lees gerus op jou eie die hele 1 Samuel 17)

1) Wat is tans jou "Goliat"?

2) Hoe dink jy het God vir Dawid toegerus vir hierdie oomblik?
Noem: Dawid het dit nie geweet nie, maar sy lewe as skaapwagter het hom voorberei vir hierdie dag. Dawid het sy skape beskerm teen bere & leeus met net 'n slingervel. Dawid het waarskynlik duisende kere met sy slingervel gegooi in die veld. Sonder dat hy dit geweet het, het hierdie "onbelangrike" dinge hom voorberei vir 'n "belangrike" oomblik. Kenners reken Goliat het nooit 'n kans gestaan nie, dit was soos iemand wat kom vir n vuisgeveg & die ander persoon het 'n geweer.

3) Wat van Dawid het hierdie oorwinning aan hom gegee?
Noem: Ja, sy slingervel. Maar eintlik sy vertroue in die Here. As Dawid net vasgekyk het in die reus wat voor hom staan en nie vertrou het op die Here nie - sou hy nie eens die klippies opgetel het nie. Dawid se vertroue op die Here het hom vreesloos gemaak voor 'n reus.

Noem: Baie keer kom ons ook in 'n situasie waar ons voel ons baklei teen 'n reus. Dis wanneer ons moet bid en vertrou op die Here.

4) Wat hoor jy uit hierdie verhaal oor God?
Noem: Dat ons op God kan vertrou vir krag en leiding.
Noem: Ons moet leer om nie net op ons spiere, spiese en swaarde te vertrou nie, maar op God.

Lees ook: 2 Timotheus 1:7

5) Jo sê aan die einde – "Dalk is Goliat voor jou om die Dawid in jou uit te bring!"
Wat dink jy van hierdie woorde?
Noem: Dawid se lewe was soos 'n skip wat in die hawe gebou word vir die storms wat hy eendag op die see gaan ervaar. Die storm waarvan Dawid nie geweet het nie, maar waarvoor God hom van die begin af voor voorberei het. Goliat was die storm waarvoor Dawid sy lewe lank voorberei was. Maar toe die storm daar was het Dawid nie in die hawe gebly nie - hy het uitgegaan in die storm.

Noem: Ons as Christene word voorberei deur God vir die storms. Vir die Goliats in die wêreld. In daardie "bang" oomblikke moet ons vas bly glo dat God ons toegerus het en sal beskerm. God sal ons nooit 'n uitdaging gee wat ons nie saam met Hom kan oorwin nie.

Bid saam: God help my om nooit in U te twyfel nie. Here gee my die krag om Goliats te kan trotseer. God help my om minder op my eie krag staat te maak en meer op U te vertrou.

Kyk ook: www.youtube.com/watch?v=Mm7zRR1tF-8 (of Google: Youtube Jo Black - Skepe)
Kyk ook: www.youtube.com/watch?v=ziGD7vQOwl8 (of Google: Ted Talk David & Goliath)